
# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 16

| | |
|---|---|
| Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot *in die dood* toe verneder het? | Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie. |
| Vraag 41: Waarom is Hy *begrawe*? | Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het. |
| Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe? | Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie, maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe. |
| Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis? | Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy. |
| Vraag 44: Waarom volg daar: *Hy het die lyding van die hel ondergaan* – letterlik: *en neergedaal het na die hel?* | Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het. Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. |

**Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot *in die dood* toe verneder het?**


Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God



Genesis 2:17: maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wanneer jy daarvan eet, sal jy beslis sterf

**Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot *in die dood* toe verneder het?**

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie.



Romeine 8:3–4; Dit waartoe die wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie, het God gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die gestalte van 'n sondige mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel, sodat die vereiste van die wet in ons vervul kon word, ons wat nie volgens ons sondige aard leef nie, maar volgens die Gees.


Filippense 2:6–8; Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.

Hebreërs 2:9: Maar ons sien Jesus, met heerlikheid en eer gekroon, Hy wat deur sy lyding tot in die dood vir 'n kort rukkie minder as die engele gemaak is, sodat Hy, deur God se genade, ter wille van almal die dood sou ervaar.

Hebreërs 2:14–15: Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel, kragteloos kon maak, en sodat Hy hulle wat uit vrees vir die dood hulle lewe lank in slawerny verkeer het, kon bevry.

# Vraag 41: Waarom is Hy *begrawe*?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het.



Matteus 27:59–60: Josef het die liggaam geneem, dit toegedraai in 'n skoon linnedoek en neergelê in die nuwe graf wat hy vir homself in die rots laat uitkap het. Hy het toe 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan.

Lukas 23:53: Nadat hy die liggaam afgehaal het, het hy dit in linnedoeke toegedraai en Hom neergelê in 'n rotsgraf waarin daar nog nooit iemand neergelê is nie.


Johannes 19:38: Hierna het Josef van Arimatea, wat uit vrees vir die Jode in die geheim 'n dissipel van Jesus was, Pilatus gaan vra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem. Pilatus het dit toegestaan. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem.

Handelinge 13:29: Toe hulle alles uitgevoer het wat oor Hom geskryf staan, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê.

1 Korintiërs 15:3–4: Want die wesenlike wat ek ontvang en ook aan julle oorgelewer het, is: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte;

**Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?**

Antwoord: Ons dood is nie ’n betaling vir ons sondes nie




Psalm 49:8: Een familielid kan nooit ’n ander vrykoop nie, hy kan nie aan God die losprys vir hom betaal nie,

Markus 8:37: Wat sou ’n mens gee as losprys vir sy lewe?

**Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?**

Antwoord: Ons dood is nie ’n betaling vir ons sondes nie maar slegs ’n afsterwe van die sondes en ’n deurgang tot die ewige lewe.




Johannes 5:24: Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan.

Romeine 7:24: Ellendige mens wat ek is! Wie sal my tog red uit hierdie doodsbestaan?

Filippense 1:23: Ek is in ’n tweestryd gewikkel: Aan die een kant verlang ek om heen te gaan en saam met Christus te wees. Dit is immers verreweg die beste

**Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**


Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe.



Romeine 6:6: Dit weet ons: dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan tot niet gemaak kan word, en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie.

**Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**


Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie,



Romeine 6:8–12: As ons saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal leef. Ons weet dat Christus, nadat Hy uit die dood opgewek is, nie weer sterf nie – die dood het nie meer seggenskap oor Hom nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. Beskou julleself dan so dat julle in Christus Jesus dood is vir die sonde, maar lewend vir God. Laat die sonde dan nie langer oor julle sterflike liggaam heers, om julle sy begeertes te laat gehoorsaam nie.

**Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**


Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy.



Romeine 12:1: Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens.

**Vraag 44: Waarom volg daar: *Hy het die lyding van die hel ondergaan* – letterlik: *en neergedaal het na die hel*?**


Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my deur sy onuitspreweklike angs, smarte en verskrikking



Jesaja 53:5: Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing.

**Vraag 44: Waarom volg daar: *Hy het die lyding van die hel ondergaan* – letterlik: *en neergedaal het na die hel*?**

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my deur sy onuitspreweklike angs, smarte en verskrikking wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe maar veral aan die kruis gely het, van die helse angs en pyn verlos.



Psalm 18:5–6: Bande van die dood het my omsluit, strome van vernietiging het my verskrik, bande van die doderyk het my verstrengel, vangstrikke van die dood het my ingewag.

Psalm 116:3: Bande van die dood het my omsluit; angste van die doderyk het my oorval; benoudheid en bekommernis het ek ervaar.

Matteus 26:38: Toe sê Hy vir hulle: "My siel is diep bedroef, tot die dood toe. Bly hier en waak saam met My."

Matteus 27:46: Teen ongeveer die negende uur het Jesus met 'n harde stem uitgeroep: "*Eli, Eli, lemá sabagtáni?"* Dit beteken 'My God, my God, waarom het U My verlaat?'

Hebreërs 5:7: Christus het tydens sy aardse lewe smekinge en pleitbedes met harde krete en trane gebring voor God, wat in staat was om Hom uit die dood te red, en Hy is verhoor op grond van sy eerbiedige onderworpenheid aan God.

## SONDAG: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 40

Vraag: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God[1] kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie[2].

1 Genesis 2:17
2 Romeine 8:3-4; Filippense 2:6-8; Hebreërs 2:9; Hebreërs 2:14-15

## SONDAG: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 41

Vraag: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het[1]

1 Matteus 27:59-60; Lukas 23:53; Johannes 19:38; Handelinge 13:29; 1 Korintiërs 15:3-4

## SONDAG: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 42

Vraag: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie[1], maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe[2].

1 Psalm 49:8; Markus 8:37
2 Johannes 5:24; Romeine 7:24; Filippense 1:23

## SONDAG: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 43

Vraag: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe[1]. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie[2], maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy[3].

1 Romeine 6:6
2 Romeine 6:8-12
3 Romeine 12:1

## SONDAG: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 44

Vraag: Waarom volg daar: Hy het die lyding van die hel ondergaan - letterlik: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het[1]. Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking[2] wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.

1 Jesaja 53:5
2 Psalm 18:5-6; Psalm 116:3; Matteus 26:38; Matteus 27:46; Hebreërs 5:7

# Kopiereg

© 2026